Beste Voornemende Nagraadse Matie

**NAGRAADSE PENDELSTUDENTEGEMEENSKAP AAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH**

Baie geluk met jou voorwaardelike aanvaarding tot ’n nagraadse program aan die Universiteit Stellenbosch (US). Ons sien daarna uit om jou in 2026 te verwelkom en jou akademiese en sosiale reis saam met ons te ondersteun.

Die Nagraadse Gemeenskap bestaan om nagraadse studente wat in privaat akkommodasie woon, te ondersteun. By die US woon byna 76% van die studente nie op die kampus nie, en hierdie gemeenskap verseker dat jy ten volle verbind bly met die kampuslewe. Dit bied akademiese en sosiale integrasiegeleenthede, wat jou help om ’n holistiese nagraadse ervaring buite die lesinglokaal te geniet.

**Wat is die Nagraadse Gemeenskap?**

Die Nagraadse Gemeenskap is deel van die Pendelstudentegemeenskappe (PSG’s), bestuur deur die Pendelstudentegemeenskappe-eenheid binne die Sentrum vir Studentelewe en Leer (SSLL). Dit is spesifiek ontwerp vir honneurs-, meesters- en doktorale studente.

Deur hierdie gemeenskap sal jy:

- Verwelkom en georiënteer word as ’n nuweling- nagraadse student.
- Toegang hê tot ontwikkelingsgeleenthede, akademiese ondersteuning en netwerkgeleenthede.
- Kontak maak met mede-nagraadse studente, fakulteite en eksterne vennote.

**Let asseblief daarop:** Die Nagraadse Gemeenskap verskaf nie studenteakkommodasie nie. Indien jy nie in ’n universiteitskoshuis gaan bly nie, is jy verantwoordelik vir die reël van jou eie privaat verblyf. Vir geakkrediteerde opsies, verwys asseblief na die US Privaat Verblyf-databasis by
https://www.su.ac.za/af/aansoek/voorgraads/verblyf/privaat-verblyf

Jy sal meer gedetailleerde inligting oor die 2026 verwelkomings- en oriëntasieprogram vroeg in Januarie 2026 ontvang.

Ons sien daarna uit om jou by die Stellenbosch nagraadse gemeenskap te verwelkom en saam met jou op hierdie opwindende reis te gaan.

**Vriendelike Matie-groete,**
**Pendelstudentegemeenskappe-eenheid**
**CSCU@sun.ac.za**